

Drie-been senter

Ons drie-been senterstruktuur is die sterkste op die mark. Dit is beskikbaar in beide vaste en verskuifbare (drie-wiel) modelle, en word gebruik op baie lang masjiene of in gevalle waar die grond baie ongelyk is. Die senter gebruik die industrie-standaard Pierce seël.



Skuinspyp (SP) senter

AGRICO het die SP senter in 1989 bekendgestel. 'n Nuwe konsep in spilpuntbesproeiing is daardeur ingelei: dit was die eerste senter wat vinnig en maklik verskuif kon word deur dit eenvoudig met die 3-punt haak van 'n trekker op te tel.



Alhoewel die hoof voordeel van die senter oorspronklik gesien is as maklike verskuiving, het die senter geweldig populêr geword as 'n vaste senter (foto bo). Van die redes waarom die senter so goed verkoop is:

- Poli-uretaan u-seëls elimineer lekkasies;
- In teenstelling met die kru konvensionele staal-op-staal spil-laer, het die SP 'n staal-op-poliamed spil-laer;
- Die ankerpunt van die senter word gebou om eenvoudig in die hooflyn te T of te L. Al die duur pypwerk by die senter word daardeur uitgeskakel;
- Die ankerpunt word gelewer met permanente bekisting vir die maklike giet van beton;
- Die senter benodig slegs 1.75 m³ beton, teenoor die 3 tot 6 m³ wat benodig word deur konvensionele senters.

Lineêre masjiene

Die gebruik van lineêre masjiene is regverdigbaar waar hoë waarde reghoekige of resiesbaan-vormige grond besproei moet word. AGRICO het baie kennis en ondervinding in die bou van lineêre besproeiers. Ons kanaal-gevoerde lineêre stelsel kan tot 1 000 meter aaneen loop met ons hoë-spanning kabel oprolsisteem.

AGRICO was die eerste maatskappy wat die hangpyp-tipe aanhegting in sleepslang-gevoerde stelsels verkoop het. Hierdie stelsel hou 'n aansienlike deel van die sleepslang in die lug tydens beweging (sien hieropvolgende foto), en verminder daardeur die slytasie op die slang en die trekkrag benodig. Dit verhoog die traksie ontwikkel deur die wiele om die slang te sleep deurdat die gewig van die slang wat in die lug is, op die wiele geplaas word.



Outomatiese spoelklep

Nog 'n innovasie van AGRICO is die nuwe, outomatiese spoelklep. In die laaste paar pyplengtes van 'n spilpunt is die vloei tempo baie laag, wat daartoe lei dat vuilgoed in die oorhang ophoop, en die laaste spuite verstop.



Die outomatiese spoelklep verseker 'n skoon oorhang deurdat dit ± 25 sekondes spoel elke keer wanneer die watertoevoer aangeskakel word.

U vennoot in besproeiing

By AGRICO koop u direk by die vervaardiger – daar is geen middelman betrokke nie. AGRICO is 'n stabiele maatskappy wat trots is op sy produkte, diens en ondersteuning. Ons hou aan om onderdele te voorsien vir alle stelsels deur ons verkoop. Dit laat u toe om te fokus op u boerdery, verseker 'n hoë herverkoopwaarde vir u spilpunt, en verhoog die waarde van die grond waarop u spilpunt staan.

AGRICO Spilpunt 2011-01.29999951.docx

VERKOPE EN DIENS MET TAKKE OOR DIE LAND:

- Bellville • Bethlehem • Bloemfontein • Bothaville • Caledon • Ceres • Cradock • Estcourt • George • Hartswater • Humansdorp • Kakamas • Kimberley • Kroonstad • Lichtenburg • Malmesbury • Moorreesburg • Nelspruit • Nigel • Nylstroom • Pietermaritzburg • Piketberg • Rawsonville • Tzaneen • Upington • Ventersdorp • Vredendal •

NAVRAE: Roland Andrag ☎ 083 414 5418 ☎ 021 950 4268 ☎ 021 919 4186 ✉ roland.andrag@agrigo.co.za

AGRICO

Meer as 100 jaar van diens!
More than 100 years' service!

AGRICO

SPILPUNT- BESPROEING

- Dekking vanaf 2 tot 200 ha
- Stilstaande en verskuifbare masjiene
- Sleepslang lineêre besproeiers
- Kanaal gevoerde lineêre besproeiers
- Wateraangedrewe spilpunte
- Standaard, hoë en lae spanvryhoogte
- Hoë-stabiliteit torings met 'n langer asafstand vir winderige areas
- 100 Mikron sinklaag op alle pype
- Duplex Spilpunt[®] vir aggressiewe water
- Vlekvrye staal beheerkas
- Roesvrye, sonbestande, veselversterkte poliëster toringkaste met vlekvrye staal beheerstange
- Beheerspanning van 230 V, nie 110 V nie
- Hoë kwaliteit elektriese skakeltuig
- Cablesaver en Wheelsaver vir areas waar diefstal 'n probleem is
- Ons eie galvaniseringsaanleg laat ons toe om u spilpunt kraakvars uit die sinkbad af te lewer
- Wêreldklas aandryfstelsel
- Outomatiese spoelklep skakel verstoppe spuite op oorhang uit
- Landwye diensnetwerk bestaande uit 27 takke

DIE AGRICO SPILPUNT

Die AGRICO spilpunt is deurlopend verbeter vandat die eerste masjiene in 1987 gebou is. Die spilpunt se hoofkenmerke is as volg:

Die optimum pypdiameter vir u situasie

Die grootte van die pyp wat gebruik word in 'n spilpunt is 'n ekonomiese kwessie. Indien die pyp in u spilpunt te klein is, sal u pompkoste onnodig hoog wees. Indien die pyp te groot is, is die aankoopprys onnodig hoog. Omdat die vloei varieer oor die lengte van 'n spilpunt, behoort die pypgrootte ook te varieer. AGRICO bied vier pypgroottes aan (Ø194, Ø165, Ø127 en Ø101 mm) en gebruik spesiaal ontwikkelde rekenaarsagteware om die optimale spilpuntkonfigurasie vir u spesifieke omstandighede te bepaal. U spilpunt se vloei, prys van elektrisiteit, rentekoers en terugbetaaltdyperk word in ag geneem.

Die diagram op die volgende bladsy illustreer die feit dat daar 'n optimale keuse van pypgroottes bestaan vir 'n 50 ha spilpunt wat 10 mm/dag (±50 l/s) toedien. Soos uit die diagram gesien kan word, verminder die pompkoste soos wat die pype groter gekies word. Tot op 'n punt (die optimum konfigurasie) is die afname in toekomstige pompkoste groter as die toename in die prys van die spilpunt.



VOORDELE VAN SPILPUNTE

Die vernaamste redes waarom spilpuntbesproeiing so gewild geword het is:

- Lae insetkoste;
- Minimum arbeid benodig;
- Lae inlaatdruk (lae pompkoste);
- Maklik om te bestuur;
- Moderne spuitstukke gee lae verdamping en uitstekende uniforme benatting;
- Lae onderhoudskoste;
- Duursaam;
- Hoë herverkoopwaarde.

AGRICO is meer as 100 jaar aktief in die Suid-Afrikaanse mark. Ons het die lokale spilpuntmark betree in 1978, toe ons ons eerste masjiene ingevoer het. Intussen het ons die leidende vervaardiger geword van spilpunte in Suid-Afrika, onder die AGRICO naam, met 'n 5 000 m² fabriek wat 'n galvaniseringsaanleg insluit.

Ons landwye diensnetwerk bestaan uit 27 takke wat almal op eiendom is wat deur die maatskappy besit word. AGRICO het tans meer as 800 werknemers.

Koste van operasie oor 10 jaar		
Huidige waarde van pompkoste oor volgende 10 jaar, teen R0.42 per kWh, 7 % rentekoers, met spilpunt wat loop 50 % van die jaar, met 'n 80 % effektiewe pomp	Huidige waarde van pompkoste oor volgende 10 jaar, ...	Huidige waarde van pompkoste oor volgende 10 jaar, ...
50 ha spilpunt koste Spanne: 7 x Ø127 mm	50 ha spilpunt koste Spanne: 2 x Ø200 mm 4 x Ø165 mm 1 x Ø127 mm	50 ha spilpunt koste Spanne: 7 x Ø200 mm
Spilpunt 1: bepying te klein	Spilpunt 2: bepying optimaal	Spilpunt 3: bepying te groot

Spilpuntstruktuur

Die struktuur van 'n spilpunt het 'n groot effek op die besproeiingskoste, aangesien herstelwerk aan die masjien se struktuur duur kan wees, en die koste van verlore opbrengs as gevolg van staantyd baie groot kan wees. Die hoë boog van die **AGRICO** spilpunt maak die spanstruktuur baie sterk, en maak die bou van spanne van tot 67 m lank moontlik.

Geen kommersiële kwaliteit staal word gebruik in die vervaardiging van **AGRICO** spilpunte nie. Pype, flense en hoekysters word vervaardig uit 300 WA staal, met 'n beheerde silikon inhoud vir herhaalbare galvanisering. 'n 300WA staal het 'n treksterkte van 300 MPa en 'n breeksterkte van ten minste 450 MPa. Spanstange word uit EN8 staal vervaardig.

Ander strukturele eienskappe sluit in: ultra sterk spanstangkoppelstukke, Ø16 mm flensbout, 4 mm dik hoekysters, 10 mm dik flense en eenstuk gewese bene wat versterk is in areas onder hoë spanning.

Die **AGRICO** spilpunt het spesifieke pype in die struktuur waaraan die bene vasbout. Hierdie pype is versterk op die spanningspunte waar die kragte vanaf die bene inwerk, en elimineer die probleem van pype wat swig waar die bene vasbout.

Hoogste kwaliteit galvanisering

Die bruikbare lewe van 'n spilpunt hang in meeste gevalle van die korrosielewe van sy pype af, en dus is die kwaliteit van galvanisering een van die belangrikste faktore wat in ag geneem moet word. Die lewe van 'n gegalvaniseerde pyp is afhanklik van aantal faktore:

- Die dikte van die sinklaag;

- Die samestelling van die sinklaag (galvaniseerders maak byvoegings van klein hoeveelhede metale, byvoorbeeld aluminium);
- Die omgewingstoestand (kwaliteit van die water, deeglike spoeling na die toediening van kunsmis, effektiwiteit van dreineringskleppe, ens.);

Omdat ons inhuis galvaniseer, is ons in staat om die samestelling van die sinklaag akkuraat te beheer. Sinkmonsters uit ons bad word weekliks geanaliseer om te verseker dat die samestelling daarvan korrek is.

AGRICO waarborg 'n sinklaagdikte van ten minste 100 mikron op al ons spilpuntpype. In die galvaniserings-industrie word daar normaalweg volgens die ISO 1461 standaard gewerk, wat 'n 70 mikron sinklaag voorskryf. Aangesien die sinklaag se lewe direk eweredig is aan sy dikte, sal 'n **AGRICO** spilpuntpyp ten minste 1.4 keer so lank hou as 'n pyp wat volgens ISO 1461 gegalvaniseer is.



Die voorafgaande foto wys hoe vier pype uit ons galvaniseringsbad gehys word. In die agtergrond word krane gebruik om die parte direk na galvanisering op die vragmotor te laai. Omdat ons self galvaniseer, hoef ons nie voorraad te dra van gegalvaniseerde parte nie – ons maak hulle eenvoudig wanneer ons hulle benodig. Daardeur word die hanteringskade wat gepaard gaan met voorraad hou en veelvoudige hantering met vorkhysers uitgeskakel. U spilpunt word slegs hanteer wanneer dit na u plaas vervoer word, etlike ure na galvanisering.

Duplex vir korrosiewe water

In kusgebiede, of situasies waar baie aggresiewe water gebruik word (spuit van kunsmis, afvalwater, suur water van steenkoolmyne), is galvanisering alleen nie voldoende beskerming nie. Vir sulke gevalle is daar ons Duplex Spilpunt®.

Die Duplex sisteem bestaan uit 'n gegalvaniseerde pyp met 'n epoksie-laag. Die epoksie-laag verleng die lewe van die spilpunt drasties, omdat die sink 'n stabiele basis is vir die epoksie, terwyl die epoksie op sy beurt die sinklaag beskerm. Verkope in baie kusgebiede

van Suid-Afrika is reeds 100 % Duplex.

Elektriese beheerstelsel

Die elektriese beheerstelsel van 'n spilpunt is die sleutel tot sy betroubaarheid. Ons gebruik slegs hoë kwaliteit elektriese skakeltuig met bekende, betroubare handelsmerke. Warm verbindings word uitgeskakel deur deurgaans veerbelaaide verbindings te gebruik.

Foutwerking van die beheerstelsel kan groot meganiese skade veroorsaak, en korrosie van die beheerstelsel kan 'n belangrike oorsaak van foutwerking wees. Die **AGRICO** beheerstelsel is 100 % roesvry:

- Vlekvrye staal beheerkas;
- Roesvrye, sonbestande, veselversterkte poliëster toringkaste. Ons toringkaste het nie elektroplateerde basisse wat deurroes nie;
- Vlekvrye staal nok-arm, met 'n soliede vlekvrye staal beheerstang – **AGRICO** spilpunte kan nie val as gevolg van geroeste beheerstange of gebreekte ouderdom-verswakte plastiek nok-arms nie.

Ons 230 Volt beheerspanning het groot voordele bo die 110 V wat op Amerikaanse masjiene gebruik word:

- Weerstandverliese in die kabel word verminder met 'n faktor van vier;
- 230 V skakeltuig, herleiers en transformators is landwyd verkrygbaar;
- Skakeltuig met 'n beheerspanning van 230 V is goedkoper as die 110 V ekwivalente.

AGRICO toringkaste verbeter ook die arbeidsfaktor van die motore, en verlaag daardeur die stroom getrek met tot 50 %. 'n Kleinere kabel kan dus na die masjien toe gelê word.

Wêreldklas aandrywingsstelsel



AGRICO was die eerste maatskappy om die bekende en bewese twee stadium reguit tandrat aandrywing lokaal te verkoop. Die vernaamste voordele is:

- Effektiwiteit van 95 %;
- Eksterne stofseëls en gewasskerms beskerm olieseëls;
- Termiese beskerming met outomatiese herset;
- Heliese tandratte, alle ratte hitte-behandel, beskikbaar in ratverhoudings van 40:1 (standaard), 30:1 en 20:1.

Wielratkas eienskappe sluit in:

- Konsertina-tipe vol-siklus uitsettingskamer verhoed olie lekkasies soos die ratkas 'asem haal' wanneer sy temperatuur verander;
- Groot kegelrollaers vir duursaamheid;
- Dryfaste het eksterne, sonbestande stofseëls;
- Gewasskermseëls op alle aste.

Die nuwe *Tow-Nontow* (TNT) ratkas in die voorafgaande prent stel u in staat om die aandrywing te ontkoppel met die swaai van 'n handvat, vir maklike verskuiwing.

Alle ratkaste en motore ontvang 'n reeksnommer in die fabriek, waarvan boekgehou word om later in ondersoek gebruik te word sou ratkaste of motore gesteel word.

Wheelsaver en Cablesaver

Die diefstal van wiele en spankabel is 'n groot probleem in Suidelike Afrika.



Wheelsaver (sien foto bo) is 'n stelsel van peuterbestande wielmoere wat nie losgemaak kan word met oop-, sok-, skuif- of bobbejaansleutels nie. 'n Spesiale, genommerde sleutel word met die spilpunt voorsien vir gebruik gedurende herstel- en instandhoudingswerk op die masjien. **AGRICO** hou 'n register van alle spesiale sleutels verkoop.

As afwering teen kabeldiefstal, plaas ons *Cablesaver* op die kabel binne-in die spilpuntpyp. Die kabel word in en uit die pyp gevoer deur afdigstukke (*glands*) by die toringkaste (aan die begin en einde van elke toring), en bly beskerm teen diefstal selfs al word die afdigstukke losgemaak van buite.

